

Onderwys

'Skoolhemp'-dogtertjie se regte wéér geskend

Deur Hannes Kruger 19 Januarie 2017 16:41

Regslui meen die onderwysdepartement skend die basiese menseregte van die meisie wat verlede jaar gedwing is om haar hemp voor die hele klas uit te trek, deur haar nie in 'n skool toe te laat nie.

Die meisie (8) is verlede jaar by 'n onafhanklike skool aanvaar nadat hulle haar uit The Metropolitan College in die middestad van Johannesburg gehaal het ná die [hemp-voorval](#).

Toe sy vanjaar met gr. 3 wou begin, het die nuwe skoolhoof haar ma ingelig sy kan nie daar skoolgaan nie omdat sy geen geboortesertifikaat het nie. Haar toelating sou glo die skool se finansiële toelae van die onderwysdepartement in die gedrang bring.

Volgens Primrose Moyo, haar ma, is sy in Suid-Afrika gebore, maar is nie geregistreer nie omdat haar ma staatloos is.

Haar pa is wel 'n Suid-Afrikaner.

Volgens prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit se Edu-HRight-navorsingsentiteit, is dit vir haar “vreemd dat die onderwysdepartement vanjaar skielik 'n probleem met die meisie se registrasie het sonder om te verwys na die Metropolitan College, wat die leerling se beste belange geïgnoreer het”.

” **DIT LYK OF DIE ONDERWYSDEPARTEMENT ONINGELIG IS OOR SY VERANTWOORDELIKHEDE OF NALATIG IS MET DIE UITVOER DAARVAN.** “

- Prof. Elda de Waal

Sy meen die onderwysdepartement verspeel 'n gulde geleentheid om die fundamentele regte van die agtjarige leerling, maar ook hul sorgsaamheidsplig veral

teenoor kinders wat in moeilike omstandighede grootword, na te kom. De Waal sê haar kommer neem toe as dit lyk of “die onderwysdepartement oningelig is oor sy verantwoordelikhede of nalatig is met die uitvoer daarvan”.

By navraag aan die Gautengse onderwysdepartement of dit onwettig is om kinders sonder dokumentasie toegang tot skole te weier, het Oupa Bodibe, waarnemende woordvoerder, gesê kragtens immigrasieregulasies moet alle landsburgers en buitelanders vir identifikasiedoeleindes gedokumenteer wees.

Volgens Liesl Muller, ’n prokureur van Regslui vir Menseregte wat in staatloosheid spesialiseer, beteken dit nie mense sonder dokumentasie verloor hul reg tot opvoeding nie.

Volgens Bodibe sal hulle die meisie en ander staatlose kinders slegs aanvaar wanneer hulle bewys kan lewer dat hulle besig is om die registrasiedokumentasie af te handel by binnelandse sake.

Volgens Muller help dié reëling van die departement nie kinders wat werklike probleme met hul dokumentasie het nie.

Ek is bekommerd oor diegene wat hulle tot die hof moet wend of met binnelandse sake moet onderhandel om hul aansoeke te aanvaar.

Liesl Muller

“Slegs diegene met al die nodige dokumentasie en wat nie die hulp van ’n prokureur benodig nie, sal in staat wees om ’n bewys van betaling (as bewysstuk) te kry.

“Ek is bekommerd oor diegene wat hulle tot die hof moet wend of met binnelandse sake moet onderhandel om hul aansoeke te aanvaar.”

Volgens Muller behoort ’n prokureursbrief en hofstukke voldoende te wees vir die onderwysdepartement om kinders in hul skole toe te laat.